# Paasverhaal Koekies

Liewe maats! Hierdie Paasfeeskoekies gaan jou help om die Paasverhaal te onthou. Geniet dit!




Bak die koekies saam met jou mamma of pappa.

Volg die roerende stappe!
Lees die Bybelversies wat by elke stap gegee word.



Bak dit die Saterdagaand voor Paassondag.

# Wat het jy nodig?




1 K Pekanneut helftes

1 "Zip lock" sakkie

1 T Asyn

3 Eierwitte

1 K Suiker

Knippie sout

1. Voorverhit die oond tot 150°C.



2.

Plaas die pekanneut helftes in die "ziplock" sakkie. Slaan die neute in die sakkie met 'n houtlepel om die neute stukkend te breek.

Die Romeinse soldate het Jesus geslaan net nadat hy gevange geneem was.

Lees: Johannes 19 : 1-3

3.

Maak die asyn oop en ruik daaraan. Plaas 1 teelepel asyn in die bak.

Het jy geweet dat Jesus asyn gekry het om te drink toe hy dors was?

Lees: Johannes 19 : 28 - 30





4.

Voeg die eierwitte by die asyn. Eiers stel lewe voor!

Jesus het Sy lewe gegee sodat ons die ewige lewe kon kry.

Lees: Johannes 10 : 10 - 11





5.

Gooi 'n bietjie sout in jou hand. Proe daaraan.

Plaas nou 'n knippie sout in die bak.

Die sout stel die trane voor wat Jesus se volgelinge gehuil het. Dit moet jou ook laat dink aan die bitterheid van ons sonde.

Lees: Lukas 23 : 27

6.

Die mengsel is nog nie lekker nie. Jy kan maar proe.

Gooi nou die koppie suiker by.

Die beste deel van die Paasverhaal is dat Jesus vir ons gesterf het omdat Hy ons liefhet, en wil hê dat ons Hom moet ken en aan hom behoort.



Lees: Psalm 34 : 8 en Johannes 3 : 1 - 6

7.

Klits nou die mengsel met 'n elektriese klitser op hoog vir 12 - 15 minute tot dit stywe punte vorm.

Die wit stel die reinheid van God se oë voor.  As ons in Jesus glo, dan was Jesus ons sonde van ons af en dan is ons skoon.



Lees:

Johannes 3 : 1 - 3



8.

Vou die gebreekte pekanneute in.

9.

Plaas waspapier op die bakplaat. Drup teelepels vol van die mengsel op die bakplaat.

Elke hopie deeg lyk soos die rotsgraf waarin Jesus se liggaam geplaas is.

Lees: Matteus 27 : 57 - 60



Lees: Matteus 27 : 65 - 66

10.

Plaas die bakplaat in die oond en maak die deur toe. Bak vir 10 minute, en skakel nou die oond AF.

Plak 'n stukkie kleeflint op die oond se handvatsel om jou te herinner dat die graf verseël was.



11. Gaan slaap nou.  Laat die koekies in die oond oornag.  Dis nogal moeilik om nie vandag al die koekies te kan eet nie, né?

Jesus se volgelinge se harte was baie seer toe Jesus se liggaam in die *graf geplaas* was, en hul Hom daar moes los.

Lees:  Matteus 28 : 1 - 9



12. Maak die oond op Paassondag oop.

Eet 'n koekie. Jy sal sien dat die koekies hol binne is.....Dis leeg.

Op die derde dag, na Jesus se kruisiging het Jesus opgestaan. Die graf was ook leeg.

